XHARIEPDISTRIK
AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 12
VRAESTEL 2
MEMORANDUM

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

- **DIE KONTRASTERENDE WÊRELDE/BESKAWINGS**
  - In hierdie gedig het Blum twee wêrelde, nl. die van Europa en die van Afrika byeengebring.
  - Strofe 1 het dit oor ons Engelse kultuuragtergrond, is 'n wegdroom in die ou Engelse beskawing wat deel van ons kultuur geword het.
  - Strofe 2 neem ons terug na ons Hollandse agtergrond.
  - Strofe 3 het dit oor ons eie vasteland. (Enige DRIE feite)

- **DIE KONTRAS IN BEELDSPRAAK**
  - Die dubbele teenstelling, die tussen die Europese en die Suid-Afrikaanse en die tussen die Bolandse en binnelandse geografiese gesteldhede, lei tot 'n kontras in die beeldspraak.
  - Die*"grasperke, dig en diep soos 'n tapy*t", die bergreeks wat *"agter 'n misgordyn"* weggeskuif word, die saamvloeiende bome, die *"blaargroen drome"* en die gestaltes wat *"tot stywe spoke* (*kwyn)",* is beeldspraak wat ons (die Afrikaner) aan die onwerklike wêreld van 'n gekultiveerde Europa voorstel.
  - Die "harde" beeldspraak van die derde strofe die leser terug na die werklikheid van sy eie wêreld, Afrika: *"en tussen ons rondkrap soos 'n stok"*, *in die palms blaai nes 'n barbaar"*, *"ruik ons droogte en brand, en gerug van sprinkaan"*

- **DIE KONTRAS IN STEMMING**
  - Die sagte reën, die mis wat die *"rotsagtige bergreeks"* van Afrika wegskuif, die ineenvloeiing van kontoere en die dromerige romantiek wat gewek word, skep 'n sekere onwerklikheid wat sterk kontrasteer met die realiteit van hierdie vasteland.
  - Die eerste twee strofes word gekenmerk deur 'n sagtheid, 'n beskaafdheid, maar tog romantiese onwerklikheid wat 'n gevoel van vredigheid by die spreker laat.
  - Hierteenoor word s.3 gekenmerk deur 'n hardheid, selfs vrees en 'n stryd om oorlewing op 'n vasteland wat hom nie laat tem nie (*"buite alle mure / wat ons opstapel"* – r.25-26).
  - Die herhaling van die /s/-klanke in s.1 en 2 sluit aan by die sagtheid en Hierteenoor is die luide /r/-triller dominant in s.3, wat aansluit by die hardheid en onherbergsaamheid ter sprake in die strofe.

Gebruik die rubriek vir die nasien van die opstelvraag.

Inhoud: 7 punte
Taal en styl: 3 punte **[10]**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

2.1 "yl" (1)

2.2 Dit beklemtoon die passasiers se moegheid/dien as bindmiddel. (1)

2.3 Ja. ✓ "slawe" suggereer gevangenskap; die werkers is vasgevang in 'n geroetineerde, uitsiglose stadsbestaan. ✓ (2)

2.4 Alliterasie, assonansie, personifikasie, klanknabootsing, polisindeton. (Enige twee) (2)

2.5 Die verliefdes. (1)

2.6 "jammerlik" (1)

2.7 Oorweeg hier kandidate se eie, goedgemotiveerde en relevante response.
Respons moet binne die gedigkonteks gegee word. ✓✓ (2)
[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

3.1 Die maanlanding (van Neil Armstrong). (1)

3.2 Die geliefde van wie die spreker probeer afskeid neem. (volledig vir 'n punt) (1)

3.3 Om aan iemand beloftes te maak wat waarskynlik nie nagekom sal word nie. (1)

3.4 Die spreker se verbitterdheid oor die liefdesverhouding. (1)

3.5 Dit dui op 'n proses wat aanhou. (1)

3.6 Metafoor. (1)

3.7 Die verhouding het die spreker **vreugde** besorg, ✓ maar nou ervaar sy **hartseer** en pyn. ✓ / Vreugde in die verlede ✓ teenoor hartseer in die hede. ✓ (Beide vir 2 punte) (2)

3.8 Beide strofes begin met 'n vraag ✓ en 'n aandagstreep. ✓ Beide strofes bevat 'n spreekwoord wat met die maan verband hou. ✓ (Enige twee) (2)
[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

4.1 Personifikasie. (1)

4.2 Die huis. (1)

4.3 "hede" en "verlede" (2)

4.4 Beklemtoning / bindmiddel. (1)

4.5 Dit dui op die verlede/dit wat in die verhouding gebeur het/moeilike omstandighede. (1)

4.6 "luister" (1)

4.7 Albei wys na bo. (1)

4.8 Ja. ✓ In die laaste strofe is daar sprake van "gebede" en "knal … om hulp", wat op 'n positiewe wending dui. ✓ / Dit blyk dat die bewoners van die huis 'n besef kry van probleme/tekortkominge/onmin en daarom om hulp roep/bid. ✓ (2)

[10]

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

POSITIEWE EIENSKAPPE

- "'n tong stomp genoeg om te swyg": Die vermoë om stil te bly en nie altyd jou (ongevraagde) mening te lug of kritiek uit te spreek nie. ✓
- "'n tong om te salf": Woorde wat troos bring en iemand goed oor homself laat voel. ✓

NEGATIEWE AKSIES

- "'n heuningtong": Iemand probeer beïndruk met soet woorde/iemand vlei om uiteindelik jou sin te kry. ✓
- "'n bitter tong": Hartseer veroorsaak, haat versprei, seermaak (bytend). ✓
- "my skerp tong": Beledigend, bitsig, giftig en venynig. ✓
- "my suur tong": Lelike, nors, onvriendelike dinge sê. ✓
- "'n tong om te sny": Woorde wat diep sny, kwets. ✓

WAAROM MEER OP DIE NEGATIEWE KONSENTREER

- mense is geneig om eerder kwaad te stook met tong
- die negatiewe effek wat woorde op mense se lewens het, is soms baie groot

Inhoud: 7 punte **[10]**
Taal en styl: 3 punte

Gebruik die rubriek vir die nasien van die opstelvraag.

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

6.1 Die titel moet op figuurlike vlak vertolk word, aangesien dit op letterlike vlak sou beteken dat 'n mens vele tonge het, wat dui op 'n paradoks. (2)

6.2 Die aanvangswoorde "Talle tonge" word beklemtoon. (1)

6.3 "Talle" teenoor "een". (Beide vir 2 punte) (2)

6.4 Stilbly wanneer dit nodig is. (1)

6.5 Uitheffing/beklemtoning van “brand”. (1)

6.6 Woorde wat troos bring as iemand bv. hartseer is. (1)

6.7 Ja. ✓ Lengte van versreëls ✓ en strofes ✓ wissel, geen rym ,✓ afwesigheid van hoofletters ✓ en leestekens. ✓ (1 punt vir “Ja”, een punt vir motivering) Nee = X (2)

[10]

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

Iris

- Beswaarlik die tradisionele vurige en sterk heldin van ‘n liefdesverhaal.
- Niemand luister regtig na haar nie.
- Vir die res van die gesin lyk dit of sy nie in mans belangstel nie.
- Sy lewe in ‘n verbeeldingswêreld waar sy romantiese helde skep en voer gesprekke met die Engel.
- Haar verhoudings is almal fisiek en nie emosioneel gedrewe nie.
- Sy is nie beroepsgerig soos ‘n tipiese heldin in ‘n liefdesverhaal nie.
- Sy stel alles ondergeskik aan haar hunkering na die groot oomblik wanneer sy eendag gaan blom. (Enige 5 feite)

Ma

- Ver verwyder van die tradisionele ma.
- In plaas daarvan dat sy haar kinders grootmaak, maak Johanna hulle groot en die kinders maak hul ma groot.
- Sy is glad nie ‘n goeie kok nie en was altyd verlig wanneer die aand se kos aan die gaar raak was.
- Sy bring haar tyd veel eerder in die tuin deur.
- Sy maak haar dogters redelik liberaal groot en tob nie oor hul sedes nie.
- Sy kom altyd verstrooid voor.
- Sy is so onkonvensioneel dat sy selfs ‘n dief kon oortuig om nie te steel nie.
- Sy sluit aan by ‘n groep wat hulself Die Spieël noem - ‘n groep wat glo in reïnkarnasie en spiritualisme en met voorvadergeeste praat. (Enige 5 feite)

Johanna

- Nie die stereotipe huishulp nie.
- Met Elsa se troue is sy deftiger aangetrek as die meeste van Iris se tannies.
- Sy weier om ‘n “snotkind” “Kleinmies” te noem.
- Sy het vinnig besef sy is onmisbaar.
- Sy moes Iris se ma leer kook, die kinders hul hare leer vleg en algemene orde in die huis handhaaf aangesien Iris se ma so verstrooid was.
- Sy was soos ‘n ma vir die drie dogters, veral omdat sy hulle emosioneel onderskraag het.
- Sy is redelik rassisties: sy noem Claude ‘n “klong” en skryf aan Iris sy moet lig loop vir die “Negers”.
- Sy het besliste idees oor haar woonplek en manipuleer Pa en die bouinspekteur.
- Sy glo aan die krag van alternatiewe medisyne en dokter die gesin hiermee gesond. (Enige 5 feite)

Gebruik die rubriek vir die nasien van die literêre opstel.

Inhoud: 15 punte
Taal en styl: 10 punte **[25]**

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

8.1 Iris gaan stap alleen in ‘n vreemde stad. ✓ Sy gaan saam met ‘n vreemde man, Joe, en laat hom foto’s neem van haar. ✓ (2)

8.2 Die taxibestuurder. ✓ (1)

8.3 Dienares van hoër gode. ✓ Godin van die reënboog. ✓ (2)

8.4 Die Engel het haar gewaarsku ✓ toe ‘n skaatsbordryer haar byna raakgery het. ✓ (2)

8.5 Ja. ✓ Sy begin die roman daarmee. Sy is die jongste in die gesin en word dikwels geïgnoreer. Veral haar ouers en susters luister nie na haar nie. ✓ (2)

8.6 Billy sê (soos die Engel later) dat ‘n naam net ‘n naam is. (1)

8.7 Sy vertrou die vreemde taxibestuurder met persoonlike inligting. ✓ Sy loop alleen rond in ‘n vreemde stad. ✓ Sy vertrou ‘n vreemdeling om van haar foto’s te neem. ✓ (Enige 2) (2)

8.8 Hy wil daarmee besondere betekenis aan Merel se naam heg. (1)

8.9 Sy het nogal na ‘n spreeu gelyk met haar lang, skraal lyf ✓ en blouswart hare. ✓ (2)

8.10 Iris-hulle se huishulp. (1)

8.11 Sy was “van altyd af” deel van die huisgesin. ✓ Sy is ook “amper” ‘n ma vir Iris omdat sy haar fisies versorg en haar begelei op die pad na volwassenheid. ✓ (2)

8.12 Johanna doen vir haar alles ✓ wat haar eie “afwesige” ma eintlik moes gedoen het. ✓ (2)

8.13 Nee. ✓ Sy kan nie geeste of die Engel “oproep” nie en ook nie “toor” nie. ✓ (2)

8.14 Sy het agter die rusbank op haar knieë gehurk en die grondboontjies opgetel wat Jonsie mis gegooi het. (1)

8.15 Sy was geskok/kon dit nie glo nie. ✓ Sy sou nooit toelaat dat ‘n man vir haar voorskryf wat sy met haar lewe moes doen nie. ✓ (2)

[25]

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

Miem

- Middeljarige vrou en moeder van Meisie.
- ‘n Outoritêre, Calvinistiese matriarg.
- Sy heers met ‘n ysterhand oor Meisie.
- Haar woord is wet in die huis.
- Sy beskou haarself as die beskermer van Meisie se liggaam, siel en gees.
- Sy wil Meisie graag getroud sien omdat dit Gabriël se sewe jaar lange isolasie sal beëindig.
- Sy is baie liggelowig en glo alles wat die kostabel sê onvoorwaardelik.
- Sy probeer hard om die konstabel te laat besef watter hubare dogter Meisie is.
- Sy vertrou die polisiemag ten volle en betwyfel nooit die konstabel se bedoelings ten opsigte van Meisie nie.
- Uit haar gesprek met die konstabel is dit duidelik dat sy, ten spyte van haar harde uiterlike, ‘n eensame vrou is.
- Sy is nie bang om haar mening te lug nie. Sy verbied die konstabel haar huis as hy insinueer dat Gabriël dalk die ontvoerder kan wees en betig Gertie as sy voel haar (Gertie se) optrede is onvanpas. (Enige 7 feite)

Meisie

- Gedienstig, altyd “vlytig en gewillig”.
- Tevrede met haar lot.
- Hunker daarna om die besoekende sirkus te ervaar.
- Hunker na geselskap.
- Wil uit haar benouende omstandighede ontsnap.
- Sy vertrou die konstabel en vertel hom van ‘n vorige jaar toe sy sonder toestemming sirkus toe gegaan het.
- Ietwat rebels, aangesien sy weier om ‘n vingerhoed te dra. (Enige 4 feite)

Konstabel van der Riet

- Leuenaar deur voor te gee dat hy blind is.
- Bedrieg die vroue deur hulle te laat glo het beskik oor “spesiale” vermoëns.
- Charismaties en manipulerend.
- Boesem vertroue in deurdat die vroue hom as “biegvader” gebruik.
- Transformeer aan die einde na ‘n towenaar-hofnar saam met wie Meisie dan verdwyn. (Enige 4 feite)

Gebruik die rubriek vir die nasien van die literêre opstel.

Inhoud: 15 punte
Taal en styl: 10 punte **[25]**

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

10.1 Meisie se beskrywing van die stink misreuk sluit aan by die diere**mis** waaruit hulle ‘n bestaan maak. ✓ Meisie se verlange na kontak: sy **mis** geselskap. ✓ (2)

10.2 Haar lewe is soortgelyk aan dié van Aspoestertjie, wat soos ‘n slaaf moes werk. ✓ Sy wag om deur ‘n prins gered te word. ✓ (2)

10.3 Sy aanvaar haar verantwoordelikheid en omstandighede in die huis. (1)

10.4 Die Depressie. (1)

10.5 Hy het ‘n gevoel van minderwaardigheid/depressie ontwikkel ✓ en hom na die solder onttrek. ✓ (2)

10.6 Waar. ✓ Hy toon belangstelling in haar doen en late deur die vrae wat hy vra ✓ / hy spreek haar aan as “Juffrou”. ✓ (2)

10.7 Meisie praat “opgewonde” oor die sirkus, maar vra dan “vreesbevange” dat die konstabel nie vir haar ma moet sê nie. ✓ Dit ondersteun die innerlike konflik wat Meisie ervaar ✓ en dui op die spanning tussen haar en Miem. ✓ (3)

10.8 Dit bring ‘n einde aan die tere toneel (reëls 1 en 2). ✓ Dit vestig weer die aandag op die betekenis van “mis” as menslike ontlasting. ✓ Hou die leser/kyker bewus van Gabriël se teenwoordigheid. ✓ (Enige 1) (1)

10.9 Hy sien dit as ‘n geleentheid om alleen met Meisie te gesels ✓ om haar te oorreed om saam met hom, kaalvoet en in haar aannemingsrok, te verdwyn. ✓ (2)

10.10 Meisie sê sy wil/mag nie na die musiek luister nie, maar in werklikheid wil sy baie graag daarna luister. Dit hou verband met die tema van bevryding. ✓✓ (2)

10.11 Sy vlei die konstabel sodat hy moontlik in Meisie sal belangstel en dalk trou, ✓ want dan sal Gabriël weer sy verskyning maak. ✓ (2)

10.12 Haar beskrywing van die sirkusmusiek as “aaklig” sluit aan by haar nougesette lewensuitkyk ✓ en haar afkeer van alles wat met die sirkus te doen het. Sy beskou dit as boos. ✓ (2)

10.13 Die konstabel het Gabriël as ‘n moontlike verdagte beskou ✓ en Miem het hom gevra om die huis te verlaat. ✓ (2)

[25]

GROOTTOTAAL: 80

<u>Let Wel</u>: By al die opstelvrae (poësie, roman en drama) moet korrekte alternatiewe punte verdien. Moet dus nie die memorandum as enigste maatstaf gebruik nie, aangesien daar ook ander moontlike korrekte antwoorde is.